UNIVERSITY EXAMINATIONS



UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

# AUE3702

Oktober/November 2017

## Stawingsprosedures en die Afhandeling van 'n Oudit

Tydsduur 3 Uur 100 Punte

**EKSAMENPANEEL SOOS DEUR DIE DEPARTEMENT AANGEWYS.**

---


**Gebruik van 'n nie-programmeerbare sakrekenaar is toelaatbaar**

**Toeboekeksamen**

**Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie.**

[BLAAI OM]

UNIVERSITY EXAMINATIONS



UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

# AUE3702

Oktober/November 2017

## Stawingsprosedures en die Afhandeling van 'n Oudit

Tydsduur 3 Uur | 100 Punte

**EKSAMENPANEEL SOOS DEUR DIE DEPARTEMENT AANGEWYS**

**Gebruik van 'n nie-programmeerbare sakrekenaar is toelaatbaar.**

**Toeboekeksamen.**

**Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie.**

HIERDIE EKSAMENVRAESTEL BESTAAN UIT **SES (6)** BLADSYE

## INSTRUKSIES

Hierdie vraestel bestaan uit **EEN** vraag wat oor die volgende hoofonderwerpe handel

| DEEL | HOOFONDERWERP | PUNTE |
|---|---|---|
| 1 | Beginsaldo's – voorraad | 6 |
| 2 | Voorraadopname – steekproefnemingsmetode | 9 |
| 3 | Stawingsprosedures – handelsdebiteure | 29 |
| 4 | Analitiese prosedures – inkomste | 7 |
| 5 | Stawingsprosedures – finansielebruikhuuraanspreeklikheid | 19 |
| 6 | Voorwaardelike aanspreeklikheid | 8 |
| 7 | Onopgeloste aangeleenthede | 22 |
| | | **100** |

**LET WEL:**

Die hoofdoelwit van die eksamen is om 'n kandidaat se kennis en vermoe om die studiemateriaal toe te pas, te toets, alhoewel die eksaminatore ook die kandidaat se vermoe om daardie kennis skriftelik en ooreenkomstig 'n aanvaarbare standaard te organiseer en aan te bied, in aanmerking sal neem

[BLAAI OM]

**VRAAG** **100 punte**

ABC Auditors is pas aangestel as die eksterne ouditeur van Dentists-on-Call Beperk (Dentists-on-Call), 'n groep tandartse wat professionele tandsorg aan pasiente bied Die maatskappy se jaareinde is op 30 Junie U is 'n senior lid van die ouditspan wat die oudit vir die 2017-jaareinde uitvoer

**LEES DIE "VERLANG" GEDEELTE VAN HIERDIE VRAAG OP BLADSYE 5 EN 6 VOORDAT U VOORTGAAN.**

**VOORRAAD (Verlang, deel 1)**

Dentists-on-Call bedryf 'n groot winkel binne-in die gebou waar sy spreekkamers gelee is Die winkel voer 'n unieke verskeidenheid tandepastas, elektriese tandeborsels, tandevlos en mondspoelmiddels in wat nie plaaslik vervaardig word nie Die winkel verkoop hierdie produkte aan pasiente en kleinhandelswinkels

**VOORRAADOPNAME – STEEKPROEFNEMINGSMETODE (Verlang, deel 2)**

'n Junior wat deel van die oudit uitmaak, het die steekproefnemingsmetode vir die voorraadopname gekies Die volgende gesprek vind tussen u en die junior plaas

*[U]* "Vertel my asseblief meer omtrent die steekproefnemingsmetode wat jy vir die voorraadopname gekies het "

*[JUNIOR]* "Ek het groot waarde-items uit die inventarislys gekies Ek het daarmee aangehou totdat 50% van die voorraadwaarde getel is "

*[U]* "Verduidelik asseblief die rede hoekom jy hierdie spesifieke steekproefnemingsmetode gekies het "

*[JUNIOR]* "Aangesien die ouditeur oor die algemeen met die oorstatering van bates gemoeid is, moet voorraaditems gekies word met die klem op groot items "

**HANDELSDEBITEURE (Verlang, deel 3)**

Dentists-on-Call maak van 'n aanlyn besprekingstelsel gebruik om voornemende/bestaande pasientafsprake slegs aanlyn te maak

Pasiente en/of ouers/voogde van voornemende pasiente wat jonger as 18 jaar oud is en graag afsprake op Dentists-on-Call se webtuiste wil maak, moet eers aanlyn registreer

Tandheelkundige dienste word slegs aan pasiente gelewer wat by 'n mediese fonds geregistreer is en aan private pasiente (dws pasiente sonder 'n mediese fonds) wat 'n deposito tydens registrasie op die maatskappy se webtuiste moet betaal Die kredietperk vir elke aanlyn registrasie word outomaties op R10 000 vasgestel

[BLAAI OM]

Pasiente wat by 'n mediese fonds geregistreer is, word gevra om slegs die bedrag (indien enige), wat nie deur die mediese fonds gedek sal word nie, binne 30 dae ná die tandartsafspraak te vereffen Mev Ouch, die rekenmeester, stuur die rekening na die mediese fonds en eis die uitstaande bedrag direk van die pasiënt se mediese fonds Die totale bedrag wat vir private pasiënte gefaktureer word, word van hul deposito afgetrek, en die saldo is binne 30 dae ná die tandartsbesoek betaalbaar

Die saldo van die rekeninge ontvangbaar in Dentists-on-Call se finansiële state is ongeveer R850 000 Die volgende inligting is op Dentists-on-Call se stelsel vir inkomste en rekeninge ontvangbaar van toepassing

1. Uitvoeringswesenlikheid vir die saldo van rekeninge ontvangbaar word op R400 000 bereken

2. Dentists-on-Call se stelsel vir inkomste en rekeninge ontvangbaar is ten volle geoutomatiseer Die ouditspan besluit om van rekenaargesteunde ouditttegnieke (RGOT's) gebruik te maak ten einde die nodige stawingsprosedures uit te voer

3. Die rekeninge-ontvangbaarmeesterlêer bevat die volgende velde vir elke debiteur (pasiënt en/of persoon aanspreeklik vir vereffening van die pasiënt se rekening)

   - Rekeningnommer
   - Naam
   - Adres en kontakbesonderhede
   - Totale bedrag wat aan die begin van die finansiele jaar verskuldig is
   - Totale bedrag wat aan die einde van die finansiële jaar verskuldig is
   - Totale verouderde bedrag huidig, 30 dae, 60 dae, 90 dae, 120 dae en langer
   - Kredietperk
   - Kredietbepalings

4. Die rekeninge-ontvangbaarsaldo op die jaareinde is deur die voorsiening vir kredietverliese (twyfelagtige/slegte skuld) verminder Die voorsiening vir kredietverliese word op 'n persentasie van die totale bedrag, wat deur debiteure verskuldig is, gebaseer Dieselfde persentasies word elke jaar gebruik

5. 'n Positiewe debiteuresirkulasiebrief was aan elke debiteur (pasiënt en/of persoon aanspreeklik vir vereffening van die pasiënt se rekening) gestuur en ABC Auditors het antwoorde van al die debiteure ontvang

**INKOMSTE UIT TANDHEELKUNDIGE DIENSTE WAT VERSKAF WORD DEUR DIE TANDARTSE (Verlang, deel 4)**

Dentists-on-Call maak van 'n geoutomatiseerde inkomstestelsel gebruik U besluit om, op grond van u identifisering en assessering van risiko in die beplanningsfase van Dentists-on-Call se oudit, 'n kombinasie van detailtoetse en analitiese stawingsprosedures te gebruik om ouditbewyse van Dentists-on-Call se totale inkomste gedurende die huidige finansiële jaar te verkry

[BLAAI OM]

Dentists-on-Call se finansiele bestuurder voorsien die volgende inligting aan u

- Die finansiële state en proefbalans vir die huidige en vorige finansiele jaareinde,
- Die begroting vir die huidige finansiele jaareinde,
- Die finansiële state van ander ondernemings in dieselfde bedryfsektor met soortgelyke klandisie, en
- Die algemene grootboek waarin die maandelikse inkomste aangedui word

**FINANSIËLEBRUIKHUURAANSPREEKLIKHEID (Verlang, deel 5)**

Die bestuur besluit om vyf nuwe, moderne tandartsstoele aan te koop Die tandartsstoele word teen R1 250 000 deur middel van 'n finansielebruikhuurooreenkoms plus BTW gefinansier en is op 1 Februarie 2017 geinstalleer

**VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHEID (Verlang, deel 6)**

U identifiseer die volgende tydens die finaliseringstadium van die oudit

1. 'n Pasient het een van Dentists-on-Call se tandartse in Mei 2017 besoek en een van sy tande laat kroon Die volgende maand (in Junie) het die pasient 'n regsgeding teen Dentists-on-Call ingestel en beweer dat hy tydens die kroon van sy tand senuweebeserings aan sy kakebeen en tong opgedoen het
2. Die totale bedrag waarvoor Dentists-on-Call gedagvaar word, is R2 miljoen
3. Dit is nie duidelik wanneer die saak geskik gaan word of watter bedrag aan die pasient toegeken mag word nie
4. Die bestuur stel die ouditeure in kennis daarvan dat hulle onseker is oor die kwessie of die bedrag, wat aan die pasiënt toegeken gaan word, ten volle of gedeeltelik deur Dentists-on-Call se versekering gedek word indien die pasient se regsgeding slaag

**ONOPGELOSTE AANGELEENTHEDE (Verlang, deel 7)**

Die volgende wesenlikheidsvlakke is vir die oudit vasgestel

| | |
|---|---|
| Beplanningswesenlikheid | R550 000 |
| Finale wesenlikheid | R500 000 |

Die volgende onopgeloste aangeleenthede word tydens die oudit geidentifiseer

**Onopgeloste saak 1**
Die voorraadsaldo van R1 200 000 in die finale proefbalans is inderwaarheid met R510 000 oorstateer U het die saak met Dentists-on-Call se bestuur bespreek Hulle weier egter om die finansiele state aan te suiwer ten einde die oorstatering van R510 000 reg te stel

**Onopgeloste saak 2**
'n Nuwe rekeningkundige stelsel is aan die begin van die 2017 finansiële jaar geimplementeer Daar het etlike beheermaatreelswakhede in die ontwikkelings- en implementeringsfase van die stelsel voorgekom Daarom het etlike weke se rekeningkundige inligting verlore gegaan Dentists-on-Call beskik nie oor enige inligting wat gerugsteun is nie Die rekeningkundige afdeling het daarby 'n "groen" inisiatief van stapel gestuur en op 'n 100% papierlose grondslag begin werk Die bestuur kan dus nie die verlore rekeningkundige inligting identifiseer en rekonsilieer met transaksies wat wel voorgekom het nie

[BLAAI OM]

**VERLANG** **Punte**

**DEEL**

**1.** Gebaseer op die inligting wat voorsien is onder die opskrif **VOORRAAD** op bladsy 2

Beskryf die **oorwegings** wat u in ag sal neem om u in staat te stel om die **openingssaldo's** van voorraad te verifieer, siende dat u pas die oudit oorgeneem het by die vorige ouditeur **(6)**

**2.** Gebaseer op die inligting wat voorsien is onder die opskrif **VOORRAADOPNAME – STEEKPROEFNEMINGSMETODE** op bladsy 2

**Evalueer**, in u hoedanigheid van senior ouditeur, met **volledige verduidelikings**, die junior ouditeur se **steekproefnemingsmetode** en die **redenasie** vir die voorraadopname **(9)**

**3.** Gebaseer op die inligting wat voorsien is onder die opskrif **HANDELSDEBITEURE** op bladsye 2 en 3

Formuleer die **stawingsprosedures** wat u slegs met behulp van **rekenaargesteunde ouditt egnieke (RGOT's)** vir die jaar geeindig 30 Junie 2017 sal uitvoer ten einde voldoende, toepaslike ouditbewyse vir die **bestaan** en **akkuraatheid**, **waardasie** en **allokasie** van Dentists-on-Call se **handelsdebiteure** en die **voorsiening vir kredietverliese (twyfelagtige/ slegte skuld) saldo's** op die jaareinde te verkry Eksamenwenk Begin u sin met "Maak van RGOT's gebruik om " Sluit enige prosedures wat met aanbieding en openbaarmaking verband hou, sowel as die debiteure-sirkulasiebriewe, uit **(27)**

Kommunikasievaardighede – duidelike uitdrukking wat die formulering van stawingsprosedures betref **(2)**

**4.** Gebaseer op die inligting wat voorsien is onder die opskrif **INKOMSTE UIT TANDHEELKUNDIGE DIENSTE WAT VERSKAF WORD DEUR DIE TANDARTSE** op bladsye 3 en 4

Beskryf die **analitiese prosedures** wat u ten opsigte van Dentists-on-Call se **inkomste** sal uitvoer **(7)**

**VERLANG (vervolg)** **Punte**

**DEEL**

**5.** Gebaseer op die inligting wat voorsien is onder die opskrif **FINANSIELEBRUIKHUURAANSPREEKLIKHEID** op bladsy 4

Formuleer die **stawingsprosedures** wat u vir die jaar geeindig 30 Junie 2017 sal uitvoer om voldoende, toepaslike ouditbewyse te verkry vir die

(i) **voorkoms** van die finansielebruikhuurtransaksie, **(9)**

(ii) **akkuraatheid** van die finansielebruikhuurtransaksie op 1 Februarie 2017 **(8)**

U antwoord moet stawingsprosedures aan die hand van **rekenaargesteunde oudittegnieke (RGOT's) uitsluit**

Kommunikasievaardighede – duidelike uitdrukking wat die formulering van stawingsprosedures betref **(2)**

**6.** Gebaseer op die inligting wat voorsien is onder die opskrif **VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHEID** op bladsy 4

(i) Sit uiteen watter inligting verskaf moet word sodra 'n voorwaardelike aanspreeklikheid **openbaar gemaak word** **(3)**

(ii) Dui aan of dit wel nie **beter sou wees om** in die finansiele state op die jaareinde **voorsiening** vir R2 miljoen **te maak**, veral in die lig van die feit dat die tandartsafspraak voor die jaareinde plaasgevind het **Gee redes vir u antwoord** **(3)**

Kommunikasievaardighede – toepassing van 'n logiese argument **(2)**

**7.** Gebaseer op die inligting wat voorsien is onder die opskrif **ONOPGELOSTE AANGELEENTHEDE** op bladsy 4

Bespreek die uitwerking van **elke onopgeloste aangeleentheid** op Dentists-on-Call se **ouditverslag** vir die jaar geeindig 30 Junie 2017 **(20)**

Kommunikasievaardighede – behoorlike uitleg en struktuur, met toepaslike sub-opskrifte en die toepassing van 'n kritiese redenasie **(2)**

©
UNISA 2017